higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 4

24 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	D
	1.1.2	B
	1.1.3	A
	1.1.4	A
	1.1.5	D
	1.1.6	A
	1.1.7	A
	1.1.8	A
	1.1.9	A
	1.1.10	D

(10 × 1) (10)

1.2	1.2.1	Waar
	1.2.2	Onwaar
	1.2.3	Onwaar
	1.2.4	Waar
	1.2.5	Onwaar
	1.2.6	Onwaar
	1.2.7	Waar
	1.2.8	Waar
	1.2.9	Waar
	1.2.10	Onwaar

(10 × 1) (10)

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Lekkasies: = Besparings + Belastings + Invoerbesteding
= R125 000✓ + R200 000✓ + R150 000✓
= <u>R475 000</u>✓ (4)

2.1.2 Inspuitings: = Belegging + Owerheidsbesteding + Uitvoer
= R250 000✓ + R120 000✓ R100 000✓
= <u>R470 000</u>✓ (4)

2.2 2.2.1 ’n Staatsbenadering jeens ekonomiese ontwikkeling wat inheemse mense in ’n gemeenskap in staat stel en aanmoedig om saam te werk en volhoubare ekonomiese groei en ontwikkeling te bereik. (2)

2.2.2 Koste of voordele wat uit ekonomiese aktiwiteite voortspruit wat nie in die mark of werklike pryse van transaksies weerspieël word nie. (2)

2.3 Ope rekening: die kliënt betaal die verkoper slegs nadat die goedere gestuur en deur die kliënt ontvang is.
Vooruitbetaling: Die kliënt moet die verkoper betaal voordat die goedere na die buitelandse land gestuur word.
Kredietbrief: Kliënt se bank in die buitelandse land stem in om die plaaslike verkoper te betaal vir die goedere wat aan die kliënt verkoop word.
Dokumentêre versamelings: 'n Proses waarin die verkoper hul bank opdrag gee om dokumente aan te stuur wat verband hou met die uitvoer van goedere na 'n koper se bank met 'n versoek om hierdie dokumente vir betaling aan die koper aan te bied.
Besending/konsignasie: Dit is in sommige opsigte soos 'n ope rekening, maar betaling word aan die uitvoerder gestuur slegs nadat die goedere deur die invoerder verkoop is en aan die eindkliënt gelewer is. (8)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Armoede is 'n toestand of situasie waarin 'n persoon of 'n groep mense nie genoeg geld het of die basiese dinge wat hulle nodig het om van te lewe nie. Mense en gesinne wat arm is, het dikwels nie 'n ordentlike plek om te woon, skoon water, gesonde kos, of mediese sorg nie. (2)

3.2
- Maatskaplike verligtingstoelaes
- Ongeskiktheidstoelaag
- Pleegsorgtoelaag
- Kinderondersteuningstoelaag/kinderonderhoudstoelaag
- Sorgafhanklikheidstoelaag
- Pensioen: Mans wat 65 jaar oud is en vroue wat 60 jaar oud is kan om 'n staatspensioen aansoek doen indien hulle geen ander inkomste bo 'n sekere bedrag het nie. (Enige 4 × 1) (4)

3.3 Die meeste vervaardigde goedere word geproduseer in fabrieke wat in stedelike gebiede geleë is; die koste om dit na landelike gebiede te vervoer, word deurgegee aan die koper; onvoldoende inligting; gebrek aan mededinging; skaarsheid/ontoereikende fasiliteite en gebrek aan tegnologie. (4)

3.4
- PEO moedig plaaslike ondernemings aan.
- Versterk die profiel van entrepreneurskap
- Stimuleer mededinging
- Help om armoede te verlig
- Sorgsaam teenoor die omgewing
- Bevorder besigheid (Enige 4 × 1) (4)

Kopiereg voorbehou

3.5
- Toerisme bied die potensiaal van ekonomiese ontwikkeling omdat dit natuurlike hulpbronne en kultuur beklemtoon.
- Bied geleenthede om plaaslike ekonomieë te diversifiseer wat weinig ander opsies vir uitvoer en diversifisering het.
- Maak geleenthede moontlik om bykomende goedere en dienste te verkoop Bied geleenthede vir arbeidsintensiewe en kleinsakeondernemings
(Enige ander toepaslike korrekte antwoord) (6)

3.6 Die doel van hierdie strategie vir mensehulpbronontwikkeling (MHO) is om ’n plan te bied wat verseker dat mense toegerus is om ten volle aan die samelewing deel te neem. Dit stel hulle in staat om werk te kry of te skep en om regverdig daaruit voordeel te trek. Dit bied die raamwerk om werknemers te help om hul vaardighede, kennis en vermoëns te ontwikkel, wat op sy beurt ’n organisasie se doeltreffendheid verbeter.
(Enige ander toepaslike antwoord) (Enige 3 × 2) (6)

3.7

ONTWIKKELDE LANDE	**ONTWIKKELENDE LANDE**
’n Land wat ’n effektiewe industrialisasiekoers en individuele inkomste het.	’n Land wat ’n stadige industrialisasietempo en lae per capita-inkomste het.
Lewensverwagting is hoog in ontwikkelde lande (75 jaar)	Lewensverwagting in ontwikkelende lande is laag weens wanvoeding, siektes en swak gesondheid (45 jaar)
Ontwikkelde lande het gevorderde tegnologie en hulpbronne.	Ontwikkelende lande het gewoonlik minder hulpbronne en geld; hul burgers ervaar waarskynlik armoede.
Ontwikkelde lande subsidieer produksie; ontwikkelende lande kan nie meeding nie.	Ontwikkelende lande word deur subsidies gemarginaliseer.
Massaproduksie van minerale	Fokus op landbou
Hoë vlakke van ekonomiese groei	Lae vlakke van ekonomiese groei

(Enige 3 × 2) (6)

3.8 Verbruikersprysindeks: Dit meet die persentasieverandering in die prys van ’n mandjie goedere en dienste wat deur huishoudings verbruik word. (2)

3.9
- Die bruto nasionale produk (BNP) in Suid-Afrika is oor die algemeen laer as die BBP (bruto binnelandse produk) omdat daar buitelandse sakelui, maatskappye en professionele mense in Suid-Afrika werk.
- Wanneer die BNP laer as die BBP is, is die vloei van fondse uit ander lande asook van burgers van Suid-Afrika aansienlik minder.
- Die waarde van verwerkte binnelandse goedere en dienste is meer as die waarde van goedere en dienste, wat vloei van fondse van die buiteland insluit. (3 × 2) (6)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Dwaling van samestelling: Dit is ’n fout in ekonomiese denke wanneer mense aanneem dat iets wat vir een mens of situasie waar is, vir alle persone of situasies geld. (2)

4.1.2 Marginale analise: Wys die koste of voordeel van die ekstra waarde wat by die totale waarde gevoeg word wanneer een of meer item verbruik of geproduseer word. (2)

4.2 Pryselastisiteit van aanbod: %-verandering in hoeveelheid verskaf✓
%-verandering in prys ✓ (2)

4.3 Elastiese aanbod beteken dat verandering in hoeveelheid verskaf proporsioneel groter is as verandering in prys, terwyl onelastiese aanbod beteken dat verandering in hoeveelheid verskaf proporsioneel minder is as verandering in prys.
Elastiese goedere sluit in luukse items en sekere kossoorte en drank, aangesien veranderinge in hul pryse die vraag beïnvloed. Onelastiese goedere sluit items in soos tabak en voorskrifmedikasie, aangesien vraag dikwels konstant bly ondanks prysveranderinge. (4)

4.4
- ’n Gemeenskap benodig toegang tot primêre gesondheidsorg.
- Kinders moet skool toe gaan.
- Wet en orde is noodsaaklik in ’n gemeenskap.
- Goedere en dienste moet beskikbaar wees om te koop.
- Plekke waar die gemeenskap kan vergader, soos kerke en ontspanningsgebiede, is ook noodsaaklik. (Enige 4 × 1) (4)

4.5
- Skep rykdom.
- Genereer werksgeleenthede.
- Verhoog inkomste.
- Verlig armoede.
- Verbeter die lewensgehalte van sowel vroue as mans in die gebied.

(Enige 4 × 1) (4)

4.6
- Verhoogde afhanklikheid van tegnologie
- Dikwels groot koste betrokke as jongste tegnologie gebruik word, veral vir klein ondernemings
- Verhoogde risiko van werksverliese (werkloosheid)
- Sluiting van winkels ten gunste van aanlyn ondernemings
- Veiligheidsrisiko met betrekking tot data en bedrog (Enige 4 × 2) (8)

4.7 Vooruitvalutakontrak (2)

4.8 In hierdie kontrak kom die verkoper met die kliënt ooreen oor die wisselkoers waarteen die verkoper betaal sal word. Die verkoper is verseker van hoeveel geld hy/sy uit die transaksie sal verdien en sal volgens daardie inkomste vir uitgawes kan begroot. (4)

Kopiereg voorbehou

4.9
- Teenpartykredietrisiko/kredietrisiko/risiko van wanbetaling: Risiko dat die teenparty nie hul verpligtinge kan nakom nie. Indien die invoerder nie die invoerfaktor/invoeragent betaal nie, loop die uitvoerfaktor/uitvoeragent die risiko dat die invoerfaktor nie in staat is om te betaal nie.
- Eksterne bedrog deur kliënte: Die uitvoerder kan ’n nagemaakte faktuur skep wat op bedrog neerkom; die invoerfaktor kan uiteindelik meer aan die uitvoerder betaal as wat die goedere werd is wat hulle van die uitvoerfaktor ontvang.
- Regsnakoming: Uitvoerfaktor loop die risiko dat as enige regsaspek uitgelaat word of enige dokument nie behoorlik verwerk is nie, die transaksie kan misluk, maar die koste sal steeds aangegaan wees, waarvoor die uitvoerfaktor aanspreeklik is.
- Geskille: Geskille kan voorkom as gevolg van misverstande oor die kontrak, soos taal- of kultuurversperrings. Die faktoreringsmaatskappy kan dalk nie die faktuur aanvaar nie, wat daartoe kan lei dat transaksie deur die mat val.
- Buitelandse faktoreerhuis: Die uitvoerfaktor kan die risiko loop dat die invoerfaktor waarmee hulle saamwerk onbevoeg is. (Enige 4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 5

5.1
- Kosprys en vrag (KVR)
- Koste, assuransie en vrag (KAV)
- Vrag betaal na (VBN)
- Vrag en versekering betaal na (VVB)
- Aan die grens gelewer (‘DAF’)
- Gelewer met doeaneregte betaal (‘DDP’)
- Vanaf fabriek (‘EXW’)
- Vry langs skip (VLS)
- Vry aan boord (VAB) (Enige 6 × 1) (6)

5.2 5.2.1
- Stuur die kredietbrief aan die begunstigde.
- Kontroleer die vervoer- en afleweringsdokumente.
- Betaal die begunstigde.
- Stuur die vervoer- en afleweringsdokumente aan die uitgiftebank.

(Enige 2 × 1) (2)

5.2.2
- Stuur die kredietbrief aan die adviserende bank.
- Betaal die adviserende bank wanneer dit die vervoer- en afleweringsdokumente stuur.
- Kry betaling van die applikant en oorhandig die vervoer- en afleweringsdokumente aan hom/haar (Enige 2 × 1) (2)

5.3 Ekonomiese groei: Groei van reële BBP wat ’n toename in vermoë van die ekonomie impliseer om meer goedere en dienste te produseer.
Werkverskaffing: Voorsiening van ’n werk aan almal wat bereid is om teen ’n huidige loontarief te werk. Verhoogde indiensneming verlaag verlies van produksie en verhoog produksie van goedere en dienste; dus verhoogde ekonomiese groei en ontwikkeling in die ekonomie. (4)

5.4
- ’n Styging in die repokoers sal op ’n afname in inflasie neerkom, sodat die vraag na geld sal afneem volgens die geld wat deur banke voorsien word. Dit sal op sy beurt die ekonomie stabiliseer.
- Indien die repokoers styg, styg die bank se prima uitleenkoers (die koers wat kliënte betaal wat geld wil leen).
- Dit beïnvloed die bedrag aan rente wat iemand wat ’n banklening uitgeneem het, moet betaal. Dit verhoog die maandelikse leningsterugbetalingsbedrag.
- Wanneer die repokoers styg, styg die rentekoers op jou skuld, maar die rentekoerse op spaar- en beleggingsprodukte styg ook. Dit is die perfekte tyd om te begin spaar vir daardie een doel wat ’n mens gedurig uitstel.

(Enige ander toepaslike antwoord) (6)

5.5
- Saambestaan van die private en openbare sektor✓
  In ’n gemengde ekonomie funksioneer nywerhede in sowel die openbare sektor as die private sektor. Sekere nywerhede is in die openbare sektor en ander weer in die private sektor.
- Bestaan van gesamentlike sektor
  ’n Gesamentlike sektor is een waar sowel die staat as private individue gesamentlik ’n organisasie vestig deur die nodige kapitaal by te dra.
- Regulering van private sektor
  In ’n gemengde ekonomie oefen die staat streng beheer en regulering oor nywerhede in die private sektor uit.
- Beplande ekonomie
  Die hele ekonomiese struktuur is onderhewig aan staatsbeplanning. Gemengde ekonomie is ’n beplande ekonomie. Die beplanningskommissie besluit oor die doelwitte, teikens en toewysing van hulpbronne, ens.
- Private eiendom
  In ’n gemengde ekonomie het private maatskappye en individue die reg om eiendom te besit en te gebruik.
- Voorsiening van maatskaplike sekerheid/bestaansbeveiliging
  In ’n gemengde ekonomie doen die staat stappe om maatskaplike sekerheid te bied.
- Motief vir sakebelange
  Die motief vir die sakebelange is wins, maar gekoppel aan die doelwit van maatskaplike welvaart.
- Vermindering van ongelykhede in inkomste en rykdom
  Die staat doen stappe om ongelykhede in inkomste en rykdom te verlaag
- Volkome ekonomiese vryheid
  Daar is volkome ekonomiese vryheid in ’n gemengde ekonomie. Die verbruiker kan dus enige kommoditeit koop wat hy wil. (Enige 5 × 2) (10)

5.6
- Ontleding van die plek
- Wette en regulasies
- Logistiek
- Kliëntperspektief
- Kapitaal en hulpbronne
- Koste
- Versekering van die onderneming (Enige 4 × 1) (4)

5.7 Vooruitbetaling is 'n riskante, ongewenste metode vir invoerders omdat hulle die risiko loop dat goedere nie verskeep word nie, en dit is ook nadelig vir kontantvloei. Vooruitbetaling word gewoonlik net vir klein aankope gebruik. Geen uitvoerder wat slegs hierdie betalingsmetode vereis, kan mededingend wees nie. Die uitvoerders verkies vooruitbetaling voor verskepingsopdragte omdat daar geen risiko van wanbetaling/nienakoming is nie. Die uitvoerder kan die kredietrisiko vermy as betaling voor die oordrag van eiendomsreg van die goedere ontvang word. Invoerders vrees dat die goedere nie betyds gelewer sal word as betaling vooruit gedoen word nie. (6)

[40]

VRAAG 6

6.1 Monetêre beleid (1)

6.2 Die primêre doelwit van die SARB is om die geldeenheid se waarde te beskerm. (1)

6.3
- Kontantreserwevereiste
- Opemarktransaksies
- Die diskontokoerse
- Rente op surplusreserwes (4)

6.4 Om inflasie te verminder kan die staat belastings (soos inkomstebelasting en BTW) verhoog en besteding besnoei. Dit verbeter die staat se begrotingsituasie en help om vraag in die ekonomie te verminder. Albei hierdie beleide verminder inflasie deur die groei van totale vraag te verminder.
Dit stel ondernemings in staat om beleggingsbesluite te neem met die wete dat pryse stabiel sal wees. Dit verseker dat die sentrale rentekoerse aanpas indien inflasie buite die teikenbestek van 3–6% is. (4)

6.5
- Noodsaaklik vir 'n land se ekonomie
- Goedere wat nie in 'n land se binnelandse mark beskikbaar is nie
- Vervaardigde goedere teen laer koste as iewers elders
- Verkoop teen laer pryse wanneer dit in 'n ander land geproduseer word (4)

6.6
- Om grondstowwe te beskerm
- Om ons nasionale bates te beskerm
- Om internasionale ooreenkomste en wetgewing na te kom
- Om groei van ondernemings in die land aan te moedig
- Om buitelandse valuta te beheer (Enige 4 × 1) (4)

6.7
- Applikant kan insolvent (bankrot) wees en nie in staat wees om die geld vir die transaksie terug te betaal nie.
- Indien die applikant nie kan betaal nie, word dit die uitgiftebank se verantwoordelikheid om vir die transaksie te betaal.
-
- Bank sal ook daarvoor verantwoordelik wees om skuld van die applikant in te vorder.
- Onderhewig aan risiko's wat met bedrog verband hou (Enige 3 × 2) (6)

6.8 6.8.1 R18,65 × 0.98% = 0,18✓
= R18,65 – 0,18✓ = R18,47✓
Nuwe wisselkoers: €1=R18,47✓ (4)

6.8.2 R18,47 × 2% = 0,37✓
= R18,47 + 0,37✓ = R18,84✓
Nuwe wisselkoers: €1=R18,84✓ (4)

6.9 Merietegoedere is goedere wat eksterne voordele bied wanneer dit verbruik word, hoewel dit nie ten volle erken/waardeer word nie; dus word die goedere onderverbruik. Voorbeelde sluit in onderwys en gesondheidsorg. Dit is duidelik dat merietegoedere positiewe eksternaliteite genereer wanneer dit verbruik word.

OF

Die konsep van merietegoedere help state om te besluit watter openbare of ander goedere voorsien moet word. Merietegoedere is kommoditeite wat die openbare sektor gratis of goedkoop voorsien, omdat die staat die verbruik daarvan wil aanmoedig. (4)

6.10
- Besluitneming behoort van sentrale regering na die gemeenskappe self verskuif te word.
- Daar behoort ’n verskuiwing na gedesentraliseerde besluitneming te wees deur die mense wat geraak word by die ontwerp van die ontwikkelingsprojekte in te sluit.
- Alle beleide moet daarop fokus om volhoubare ontwikkeling te bereik.
- Stryd teen armoede benodig ’n toereikende sekuriteitstelsel.
- Fiskale en monetêre beleid moet saamwerk om groei, herverdeling, armoedeverligting en werkskepping te bevorder.

(Enige 2 × 2) (4)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200